

Die Bund, Shanghai

'Ellos partner! Can I trust you?

#

Aan die einde van die storie wat jy nou begin lees, druk die gety wat van die Oos-Chinese See instoot, Thuli stadig suidwaarts. Sy dryf op die swart water van die Huangpu-rivier wat teen die Bund in Shanghai verbyvloei. Haar ledemate is swart en stokkerig uitgesprei.

Dis laatsomer, en aand. Die meeste van die wandelaars op die promenade dra baadjies of jasse en oorkant die straat beweeg lang skaduwees teen die geboue af.

Sy lê gesig na onder in die water, maar kort-kort kan jy 'n deel van haar gesig sien. Dis asof sy asem skep.

Haar lyf draai in die skuimstreep van 'n baggerboot. Die skuim is silwerwit, want dit weerkaats lig van oorkant die water.

Op 'n aand soos vanaand snuif jy kwalik 'n vegie besoedeling in die lug.

Hier van duskant sien jy strale speel deur die hipermoderne geboue wat oorkant die water die beroemde Pudong-stadsprofiel vorm. Bokant die Oriental Pearl TV-toring uit die Deng Xiaoping-era hang die volmaan soos 'n seepbel.

Die toring blink hemelhoog, die silwer van 'n poskaartfoto.

Lonely Planet, het Thuli gelees, beskryf die toring as 'n versnit van wetenskapsfiksie en Sowjet-geïnspireerde brutaalargitektuur.

Maar die duskantste wal vorm die romantiese kant van die water. Hier by die neoklassieke strip. Hier is die beroemde promenade waar die stadspolisie 'n wakende oog hou. Net hier anderkant die Waibaidu-brug staan die Hotel Astor met sy Peacock Ballroom, tot vandag toe steeds die liefing van besoekende Westerlinge wat van koloniale nostalgie hou. Aan sy oorkant die nors granietblok wat diens doen as Russiese konsulaat.

Teen die breë Zhongshan-weg aan die kant van die promenade strek die marmer-en-klip-geboue van die Bank van China met twee wapperende landsvlae verby die voormalige Palace Hotel tot by die Hongkong en Shanghai Bank met sy twaalf sontekens vir die wêreld se destydse twaalf finanssentrums.

Dis asof die swaar voetspoor van die koloniale geboue oorkant die blink water beantwoord word deur die futuristiese blanko gesig van 'n nuwe ambisie.

Tegnologies. Hipermodern. Skoon lyne, sonder sentiment. Glas en staal.

Hier duskant staan bruide in rooi sy teen die Bund se relings om afgeneem te word teen die agtergrond van die swart water en die verligte Pudong-stadsprofiel. Thuli het baie aande hier kom stap om haar te verwonder aan die bruide wat almal eenders aangetrek is. Bloedrooi, blink rokke wat op die grond sleep. Sluiers wat meters ver in die wind wapper en soos sygordyne voor die Pudong-ligte verbysweef.

#

Dit is reg oorkant die Custom House-gebou dat so 'n bruid, terwyl die fotograaf sy kamera op haar fokus, 'n uitroep gee en oor die swartblink water wys: dáár. Sy trek geskok haar rooiblink rok op dat jy haar Adidas-skoene met neongroen sokkies sien.

Vir 'n oomblik stoot die gety die bolyf op. Die rug en skouers word duidelik sigbaar en iemand gil oor die pyl in die rug.

Aanvanklik sien niemand die man wat desperaat vorentoe hardloop nie.

'n Groep van nege Boeddhistiese monnike wat met kaalgeskeerde koppe en in hul oranje gewade teen die relings vir foto's geposeer het, bars uitmekaar van skrik; hulle dag eers die man kóm vir hulle.

Die man, 'n Afrikaan, gil iets onverstaanbaars. In die hardloop skud hy sy jas van sy skouers af.

'n Taal vol klapklanke, eksoties. En omstanders besef: die mens in die water het iets aan hom, en hy iets aan haar.

Die polisiemanne wat nader gehardloop het, probeer hom bedwing, want hy wil met mag en mening in die water spring terwyl sy tong teen sy verhemelte klap en hy, soos dit vir hulle klink, sy kieste ontsteld suig.

Hierdie geluid, dan, is die amperse einde van ons storie.

Nie heeltemal die einde nie, want watter storie kan ooit 'n volslae einde hê? Is die einde van een storie nie maar, onafwendbaar, die begin van 'n ander nie?

Die geskiedenis is 'n rolbos, en hy tol deur ons drome.

#

Huff-buff-buff!

Die nasionale vastrap. Die toyi-toyi.

Kaapstad. As dekor: die ikoniese beeld van die breë trappe, die Jameson-saal met sy pilare as simbool van institusionele geleerdheid, en daaragter: die ruwe kop van Duiwelspiek.

'n Stuk nukkerige klip.

Op die Universiteit van Kaapstad se Bo-kampus, aan die voet van die trap, skiet 'n slordige kar se katebak oop. Hiervandaan, waar die kar se oliedampe nog hang soos dit inderhaas gebriek het, kyk jy teen die trappe op na die Jameson-saal asof teen die steiltes van geleerdheid uit. Daar bo, nes 'n rooi anemoon in die getye van die tye, is die skare reeds opgewonde aan 't vou en ontvou.

Die boodskap het gou op WhatsApp geblits – rituele skaapslag op die Jammie se trappe, nóú!

Om die Jameson te suiwer van die bese geeste van kolonialisme!

Huff-buff!

In die katebak: die skaap met vasgebinde, dun bene. 'n Ooi met wit, starende oë, 'n tong wat oor tande stoot en dan lel. 'n Blêr wat jy eerder in die tong se trilling sien as hoor.

Gretige hande tel die ooi onhandig uit. Doef op die teer. 'n Dynserige dag en vaagheid oor die Kaapse vlakte: mis of rook. Die selfone mis niks nie – soos oë op uitgestrekte arms.

Sleep-dra die dier, wat skop en hyg en die wit van oë wys. Die rooi see maak boontoe oop vir die deurgang van die Vallisteleiers wat die skaap sleep-dra. Trap-op, na die saal se boonste trappe.

Huff-buff! Huff-buff!